# Vakature:
# MUSIEKLEIER
# Kontemporêre Erediens
# (Musiekbegeleiding met ’n orkes en sangers)

Wapadrant gemeente ontvang graag aansoeke van persone met toepaslike kwalifikasies / vaardighede wat daarin belang stel om die Musiekleierspos van die Kontemporêre erediens te beklee. (Sondag-oggende 08:30 eredienste is ter sprake in skoolkwartale. Ongeveer 7 ure / week word benodig. Tydens skoolvakansies is daar slegs een erediens en word afgewissel tussen die Kontemporêr en Klassieke musiekstyle. Lg. word deur ’n ander musiekleier behartig).

Die begeleiding is van 'n kontemporêre aard, wat in ons konteks beteken dat daar van musikante gebruik gemaak word, in ‘n orkes / “band” opstelling met voorsangers. (Die liedkeuses is meestal Afrikaans, maar sluit ’n baie wye verskeidenheid van lofliedere in, wat tans beskikbaar is in die omgang van kerkliedere).

Die pos sluit in die skakeling tussen die musiekleier en liturg ten einde kontemporêre en gesamentlike eredienste te beplan met sinvolle samehang van Woordverkondiging en musiek, insluitende kerkliedere vir gemeente sang, solo items, sowel as die skep van ‘n gepaste atmosfeer deur middel van musiek.

Geskikte musikale opleiding en ervaring word vereis om die bostaande take te kan verrig. (Formele musikale kwalifikasie kan wel voordelig wees)

Aansoekers sal gekeur word op die volgende gronde: ‘n Belydende Christen; liefde vir kerkmusiek; bewese ondervinding in die begeleiding van gemeentesang in ‘n kontemporêre styl (op klavier / klawerbord / klavinova as ons voorkeur, maar nie noodwendig die finale vereiste nie); bewese vermoë om liedere te kies wat by die erediens as geheel inpas; vermoë om bladmusiek en volgstukke vir instrumentaliste en sangers voor te berei; bewese vermoë om leiding te gee by die vooraf inoefening van liedere deur instrumentaliste en voorsangers; ywer vir die taak en goeie kommunikasievaardighede. (Om self te kan saam sing is nie ’n vereiste nie, maar is ’n bonus). Daar sal ook van die suksesvolle aansoeker verwag word om ‘n sentrale rol te speel in die uitbreiding van die musiekbediening van die betrokke erediens, en om die predikante met raad en leiding hieroor te bedien.

Ander pligte, vergoeding en kontraktuele voorwaardes sal tydens die onderhoude onderhandel word. Vergoeding word wel bepaal volgens die SAKOV skale.

Nadere besonderhede is beskikbaar by:
Die Voorsitter van die Erediens Bediening, Johan Vorster (083 766 8888) of die Registrateur, Gawie Jooste (012 991 8877).

Belangstellendes moet hul aansoeke, vergesel van ‘n CV en verwysings, asseblief skriftelik indien, vir die aandag van Die Registrateur (Gawie Jooste), per e-pos by gawie@gkwapadrant.co.za